higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

TOEGEPASTE REKENINGKUNDE
NKR VLAK 3

(3011003)

9 Desember 2020 (X-vraestel)
09:00–12:00

Nie-programmeerbare sakrekenaars mag gebruik word.

Hierdie vraestel bestaan uit 20 bladsye en 'n antwoordboek van 15 bladsye.

464Q1N2009

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Toon alle berekenings.
4. Gebruik slegs 'n swart of blou pen.
5. BTW word teen 15% bereken.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 Watter EEN van die volgende is NIE 'n brondokument om die kontantontvangstejoernaal te voltooi nie?

A Kontantbelastingfaktuur
B Bankstaat
C Duplikaatkwitansie
D Kredietbelastingfaktuur



1.2 Sluitingsoordragte word aan die einde van die finansiële jaar gedoen.

Watter rekening in die algemene grootboek word gebruik om die netto wins of verlies vir die jaar te bereken?

A Handels-
B Wins-en-verlies-
C Verkoops-
D Kapitaal-



1.3 Wanneer 'n eienaar 'n kapitaalbydrae tot die onderneming maak, sal die transaksie onderhewig wees aan … BTW.

A geen
B nulkoers-
C standaard-
D vrygestelde

1.4 'n Onderneming het 'n vaste deposito van R130 000 belê en ontvang rente teen 6% per jaar.

Bereken die rentebedrag wat maandeliks ontvang word.

A R7 800,00
B R650,00
C R6 724,00
D R560,00



1.5 Watter EEN van die volgende is die korrekte basiese rekeningkundige siklus?

A Brondokumente → Joernale → Grootboekrekeninge → Finansiële state → Proefbalans
B Joernale → Brondokumente → Grootboekrekeninge → Proefbalans → Finansiële state
C Brondokumente → Joernale → Grootboekrekeninge → Proefbalans → Finansiële state
D Brondokumente → Joernale → Finansiële state → Proefbalans → Grootboekrekeninge

1.6 Watter EEN van die volgende is 'n roetine-uitgawe?

A Rente op oortrekking
B Aankope van voorraad
C Voertuigherstelwerk
D Rekenmeesterfooie

1.7 Watter EEN van die volgende is NIE 'n geldige rede vir 'n klant om goedere wat op krediet gekoop is, terug te stuur nie?

A Die voorraad was beskadig toe dit ontvang is
B Voorraad ontvang was nie volgens bestelling nie
C Foutiewe voorraaditems is gegee
D Die voorraad is by die klant se besigheid beskadig

1.8 'n Debiteur het sy/haar rekening vereffen en het 7% afslag ontvang. Die bedrag wat hy/sy betaal het, was R2 555.

Hoeveel afslag is gegee?

A R2 376,15
B R178,85
C R192,31
D R2 747,31

1.9 Volgens die kasregisterrol is verkope van R17 800 (BTW uitgesluit) gemaak. Die toeslag op kosprys is 70%.

Watter EEN van die volgende is die korrekte inskrywing in die kontantontvangstejoernaal?

	BANK	BTW	VERKOPE	KOSTE VAN VERKOPE
A	20 470,00	2 670,00	17 800,00	10 470,59
B	20 470,00	0,00	20 470,00	12 041,18
C	17 800,00	2 321,74	15 478,26	9 104,86
D	17 800,00	0,00	17 800,00	10 470,59

1.10 'n Besigheid het R11 500 se voorraad op krediet gekoop en R250 aan die verskaffer teruggegee. Toe betaling gedoen is, is 'n vroeëtermyn-afslag van 4% ontvang.

Vir hoeveel moet die tjek uitgemaak word?

A R10 800
B R11 040
C R11 250
D R11 500

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 2

2.1 Joseph het 'n fietswinkel genaamd Joe's Cycle Centre geopen. Joseph het die volgende items gekoop sodat hy kon begin handel dryf:

Toonbank en stoele vir kontant	R4 700
Kasregister op krediet	R3 200
Skryfbehoeftes vir kontant	R890
Voorraad op krediet	R27 840

Ná die eerste maand van handel dryf het Joe's Cycle Centre kontantverkope van R22 000 en kredietverkope van R16 550 gehad.

2.1.1 Noem TWEE bedryfsbates van Joe's Cycle Centre.

2.1.2 Wat is die waarde van Joe's Cycle Centre se nie-bedryfsbates?

2.1.3 Hoeveel is die waarde van die verkope vir die eerste maand van Joe's Cycle Centre?

(3 × 2) (6)

2.2 Joe's Cycle Centre doen nou reeds geruime tyd sake. Joseph was tot nou toe in staat om alleen die besigheid te bestuur en die debiteurerekonsiliasie te doen. Die besigheid het egter groter geraak en hy het jou aangestel om te help. Joseph het jou van die inligting hieronder voorsien om die debiteurerekonsiliasie vir Augustus 2019 te doen:

Toe Joseph die inligting aan jou oorhandig het, was die sluitingsaldo van die debiteurekontrolerekening R70 600 en die debiteurelys se sluitingsaldo was R59 100. Nadat jy ondersoek ingestel het, het jy die onderstaande aansuiwerings identifiseer. Dui aan watter aansuiwerings aan die debiteurekontrole en debiteurelys aangebring moet word deur die bedrag en 'n plus (+) of minus (-) of geen uitwerking met 0 vir elke regstelling aan te dui. Tel die totaal van elke kolom op.

2.2.1 'n Kwitansie vir R2 100 is aan die Fun Zone uitgereik vir betaling op hulle rekening. Die bedrag is korrek in die relevante joernaal opgeteken. Dit is egter verkeerdelik na die debiteuregrootboek as R1 200 oorgeboek.

2.2.2 'n Kredietnota aan The Square Wheel vir R980 is verkeerdelik as R680 in die debiteurekortingsjoernaal opgeteken.

Kopiereg voorbehou

2.2.3 'n Faktuur vir R800 wat aan Pedal Medic uitgereik is, is verkeerdelik na hulle rekening in die debiteuregrootboek oorgeboek.

2.2.4 Die totaal van die debiteurekontrolekolom in die debiteurekortings-joernaal is verkeerd opgetel. Die totaal was R87 200, maar dit is as R78 200 opgetel en oorgeboek

2.2.5 Die bankstaat het weerspieël dat 'n tjek van R2 300 wat van Bike Bazaar ontvang is, onteer is. Die tjek is ontvang om hul skuld van R2 500 te vereffen. Geen inskrywing is in die toepaslike joernale gedoen nie. (10)

2.3 Joe's Cycle Centre koop en verkoop op krediet. Die volgende is 'n uittreksel uit die krediteuregrootboek van Joe's Cycle Centre

Krediteuregrootboek van Joe's Cycle Centre					
		Freedom Flyers			**C5**
Maand	**Dag**	**Besonderhede**	**Debiet**	**Krediet**	**Saldo**
2019 Aug	1	Rekening gelewer			**2.3.1**
	3	Belastingfaktuur X44		22 300	38 600
	5	Belastingfaktuur X51		12 200	**2.3.2**
	10	Tjek 632	11 500		39 300
		Afslag	350		38 950
	11	Rente		**2.3.3**	**2.3.4**
	15	Tjek 651	6 700		33 065
	22	Belastingfaktuur X88		11 200	44 265
	25	Debietnota 55	**2.3.5**		**2.3.6**

Bereken die volgende en toon al die berekenings:

2.3.1 Die bedrag verskuldig op 1 Augustus 2019 (2)

2.3.2 Die saldo verskuldig na die aankoop op 5 Augustus 2019 (2)

2.3.3 Op 11 Augustus is rente van 5% gehef op die openingsaldo verskuldig (3)

2.3.4 Die saldo verskuldig nadat rente gehef is (2)

2.3.5 15% van die belastingfaktuur X88 is op 25 Augustus 2019 teruggestuur (3)

2.3.6 Die bedrag verskuldig aan die einde van die maand (2)

[30]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 3

3.1 Pocket's Full is 'n verskaffer van skoonmaakmiddels en is as 'n BTW-handelaar geregistreer. Hulle gebruik 'n 50%-toeslag op die kosprys. Pocket's Full het handelsvoorraad vir R27 000, BTW ingesluit, gekoop. Die voorraad is toe aan Mac Pack verkoop.

Bereken die volgende, toon alle berekenings en rond af tot die naaste rand:

3.1.1 Die waarde van die inset-BTW  (2)

3.1.2 Die bedrag wat Pocket's Full vir die vooraad betaal het, BTW uitgesluit (2)

3.1.3 Die wins wat Pocket's Full sal maak op die verkoop van voorraad aan Mac Pack (3)

3.1.4 Die bedrag wat na verkope gekrediteer sal word vir die voorraad wat aan Mac Pack verkoop is (3)

3.1.5 Bepaal die uitset-BTW. (3)

3.1.6 Die bedrag wat Mac Pack sal betaal (3)

3.1.7 Die BTW-bedrag betaalbaar aan of ontvangbaar van die SAID.

Noem of die bedrag 'Betaalbaar' of 'Ontvangbaar' is.  (2)

3.2 Pocket's Full het hul rekening met Pine Mist, 'n krediteur, op 13 April 2019 vereffen, en 7,5% afslag vir vroeë betaling ontvang. Pocket's Full het R63 200 aan Pine Mist geskuld.

3.2.1 Hoeveel afslag het Pocket's Full ontvang? (2)

3.2.2 Wat is die bedrag wat Pine Mist sal ontvang? (2)

3.2.3 As J. Matthews, voltooi die tjek om aan Pine Mist te betaal. (5)

3.3 Noem die joernaal wat gebruik sal word om elk van die volgende transaksies van Pocket's Full op te teken:

3.3.1 Pocket's Full het skryfbehoeftes aan 'n krediteur teruggestuur omdat dit beskadig was. 

3.3.2 'n Debiteur het 'n betaling direk in Pocket's Full se bankrekening gedoen om die uitstaande bedrag verskuldig te vereffen.

3.3.3 Huur ontvang is verkeerdelik oorgeboek na die kommissie-ontvangrekening. Die fout moet reggestel word.

(3 × 1) (3)

[30]

TOTAAL AFDELING A: 70

AFDELING B

VRAAG 4

Mev Flora Lewis het haar onderneming, Flourish Traders, begin nadat sy uit die onderwys afgetree het. Flourish Traders gebruik 'n 50% prystoeslag op kosprys. Die onderneming is vir BTW geregistreer en transaksies sluit 15% BTW in, tensy die teendeel gestel word. Rond die bedrae af tot die naaste rand. Dit is Flourish Traders se beleid om kredietaankoop-belastingfakture te hernommer. Die laaste nommer wat gebruik is, was 88.

GEVRA

Gebruik die inligting hier onder wat uit die rekeningkundige rekords van Flourish Traders vir die maand Januarie 2019 geneem is om die volgende transaksies in die joernale van Flourish Traders in te skryf:

4.1	Kontantontvangstejoernaal	(14)
4.2	Kontantbetalingsjoernaal	(11)
4.3	Debiteurejoernaal	(9)
4.4	Debiteurekortingsjoernaal	(6)
4.5	Krediteurejoernaal	(10)
4.6	Krediteurekortingsjoernale	(4)
4.7	Algemene joernaal	(6)
		[60]

TRANSAKSIES VIR JANUARIE 2019

KREDIETBELASTINGFAKTUUR

No: S622
BTW NO: 969632123

DUPLIKAAT

Mbeki Bend 64
Port Alfred
6140

01/01/2019
Krediteer: N Isaacs

Aantal	Beskrywing	Prys	Bedrag
3	Vaatjies verf	R43 990	R131 970,00
		BTW ING 15%	R131 970,00

KWITANSIE DUPLIKAAT

Datum: 08/01/2019 No.: E807

Ontvang van: M Chetty

Ter betaling van: Kapitaalbydrae

Die bedrag van: Eenhonderd twee-en-veertigduisend rand

alleen R142 000,00

Met dank: L. Chester



Tjek no: 254 **09/01/19**	
Vir:	Office National
Vir:	Skryfbehoeftes
Bedrag:	R268,00

KWITANSIE DUPLIKAAT

Datum: 09/01/2019 No.: E808

Ontvang van: R. Simons

Ter betaling van: Betaling op rekening. 30c in die rand van die uitstaande skuld ontvang.

Die bedrag van: Tweeduisend tweehonderd-en-vyftig rand

alleen R2 250,00

Met dank: L. Chester



Kopiereg voorbehou

JOERNAALBEWYS

JV601

09/01/2019

R Simons, 'n debiteur, is insolvent verklaar. Die boedel het 30c in die rand uitbetaal, wat ontvang is (Kwitansie E808). Skyf die oorblywende skuld af as oninvorderbaar.

KREDIETBELASTINGFAKTUUR

No: S623
BTW NO: 969632123

DUPLIKAAT

Mbeki Bend 64
Port Alfred
6140

10/01/2019
Krediteer: M. Pillay

Aantal	Beskrywing	Prys	Bedrag
5	2 Liter Verfstroper	R125,00	R625,00
20	5 Liter Buitenshuise Verf	R822,45	R16 449,00
		BTW ING 15%	R17 074,00

KREDIETFAKTUU R

OORSPRONK LIKE NO: 1665

TygerBerg Brands

VAT NO: 9632648965

AAN: *Chetty Traders*

11/01/2019

	R	C
Verpakkingsmateriaal	17 988	00
BTW UITGESLUIT	17 988	00

Kopiereg voorbehou

Blaai om asseblief

KASREGISTERROL
JA01
10/01/2019
R5 668,00
BTW INGESLUIT

UNIVERSAL BANK
DUPLIKAAT **Depositostrokie**

DEP11/01

Datum: 11 Januarie 2019		**Munte**	668, 00
Krediteer: Chetty Traders		**Note**	5000, 00
Rekeningnommer: 308274895		**TOTALE KONTANT**	5 668,00
Tjeks			
Trekker	**Bank**	**Tak**	
M Chetty	Univeral	532366	142 000,00
R Simons	STAR	613289	2 250,00
		Totale Deposito	149 918,00

Paid in by: *C. Chester*

KREDIETNOTA

DUPLIKAAT
CN29

11/01/2019

Klant: M Pillay

Aantal	Beskrywing	Prys	Bedrag
2	2 Liter Verfstroper	R125,00	R250,00
		TOTAAL BTW ING	R250,00

REDE: *Die seël was gebreek.*

Kopiereg voorbehou

Tjek no: 255 **12/01/19**	
Vir:	Telkom
Vir:	Telephone
Bedrag:	R3 580,00

KWITANSIE

DUPLIKAAT

Datum: 13/01/2019 No.: E809

Ontvang van: M Pillay

Ter betaling van: Direkte deposito in die bankrekening ter vereffening van rekening soos op 01/01/2019 van R25 756. 7% afslag toegestaan.

Die bedrag van: ?

R?

Met dank: L. Chester

JOERNAALBEWYS

JV602

14/01/2019

Toerusting van R18 353,00 is verkeerdelik na die verpakkingsmateriaalrekening oorgeboek. Stel die fout reg.

DEBIETNOTA

DUPLIKAAT
DN11

15/01/2019

Verskaffer: Tygerberg Brands

Beskrywing	Bedrag
Verpakkingsmateriaal	8 750,00
TOTAAL BTW ING	8 750,00

REDE: *Verpakkingsmateriaal beskadig*

KWITANSIE

DUPLIKAAT

Datum: 19/01/2019 No.: E810

Ontvang van: Date Dealers

Ter betaling van: Kommissie ontvang

Die bedrag van: Negeduisend agthonderd vyf-en-vyftig rand alleen R9 855,00

Met dank: L. Chester

KREDIETBELASTINGFAKTUUR

No: S624
BTW NO: 969632123

DUPLIKAAT

Mbeki Bend 64
Port Alfred
6140

21/01/2019
Krediteer: B. Naidoo

Aantal	Beskrywing	Prys	Bedrag
2	Verstelbare traplere	R2 600	R5 200,00
		BTW ING 15%	R5 200,00

KWITANSIE

DUPLIKAAT

Datum: 23/01/2019 No.: E811

Ontvang van: B Naidoo

Ter betaling van: Betaling of rekening. 10% afslag gegee

Die bedrag van: Tweeduisend vyfhonderd-en-twintig rand

alleen R2 520,00

Met dank: L. Chester

UNIVERSAL BANK
Depositostrokie

DUPLIKAAT

DEP23/01

Datum:	23 Januarie 2019	**Munte**	
Krediteer:	Chetty Traders	**Note**	
Rekeningnommer:	308274895	**TOTALE KONTANT**	
Tjeks			
Trekker	**Bank**	**Tak**	
Date Dealers	Moon	796432	9 855,00
B Naidoo	Light	691233	2 520,00
Inbetaal deur: *L Chester*		**Totale Deposito**	12 375,00

Kopiereg voorbehou

Blaai om asseblief

FAVOUR STORE

BELASTINGFAKTUUR

Vir: Chetty Traders
Mbeki Bend 64
Port Alfred
6140

No: 985
VAT: 9631257456

Datum: 28 Januarie 2019

Beskrywing		Bedrag	
Handelsvoorraad		9 880	00
	TOTAAL 15% VAT ING	9 880	00



Go Green Garage

VAT reg no: 9746233651

KREDIETBELASTINGFAKTUUR
NO: 3321

VIR: Chetty Traders
Datum: 30/01/2019

Beskrywing	Bedrag	
Voertuigherstelwerk	4 600	00
TOTAAL BTW ING	4 600	00

*R1 215 van die herstelwerk was vir die eienaar se seun se motor.

Kopiereg voorbehou

Blaai om asseblief

KREDIETNOTA

DUPLIKAAT
CN30

30/01/2019

Klant: B. Naidoo

Aantal	Beskrywing	Prys	Bedrag
1	Verstelbare traplere	R2 600	R2 600,00
		TOTAAL BTW INGL	R2 600,00

REDE: *Beskadig*

Tjek no: 257 **31/01/19**	
Vir:	TygerBerg Brands
Vir:	Vereffening van aankoop op 11/01/2019
Bedrag:	R?

Tasty Time

KREDIETBELASTINGFAKTUUR

VAT no: 9746233651

31/01/2019

VIR: Chetty Traders

Beskrywing	Prys
Snoephappieborde vir personeelfunksie	R2 500,00

TOTAAL BTW ING	R2 500,00

DEBIETNOTA

DUPLIKAAT
DN12

31/01/2019

Verskaffer: Tasty Time

Beskrywing	Bedrag
Snoephappieborde vir personeelfunksie	500,00
TOTAAL BTW ING	500,00

REDE: *Te veel gevra**vercharged*

Tjek no: 258 **31/01/19**	
Vir:	SB Munisipaliteit
Vir:	Water en elektrisiteit R6 100 Munisipale belasting R1 100
Bedrag:	R7 200

Kopiereg voorbehou

Blaai om asseblief

VRAAG 5

Die volgende transaksies/saldo's is uit die boeke van Chichi Traders vir April 2019 verkry. Chichi Traders is nie 'n BTW-handelaar nie:

- Handelsvoorraad het op 31 Maart 2019 'n sluitingsaldo van R57 300 gehad.
- Die bedrag van handelsvoorraad op krediet gekoop is vir April 2019 was R31 300, waarvan R2 100 teruggestuur is omdat dit nie geskik was nie.
- Die bedrag of van handelsvoorraad wat kontant gekoop is, was R39 630.
- Chichi Traders gebruik 'n prystoeslag van 70% op die kosprys. Die volgende verkope het gedurende April 2019 plaasgevind:

  Kontantverkope: R124 610
  Kredietverkope: R40 545

- Die kosprys of voorraad teruggestuur deur klante wat op krediet gekoop is, was R1 020.
- Voorraad met 'n kosprys van R1 600 is aan die DBV geskenk. Hierdie goedere is teen 'n spesiale prys van R2 400 gemerk.
- Die totaal van die koste van verkope aan die begin van April 2019 was R33 700.

GEVRA

Gebruik die inligting hier bo om die volgende rekeninge in die algemene grootboek te voltooi en balanseer:

5.1	5.1.1	Handelsvoorraad	(13)
	5.1.2	Koste van verkope	(7)
5.2		Aan watter kant van die algemene grootboek word die openingsaldo van die krediteurekontrole opgeteken?	(1)
5.3		Die boekhouer van Chichi Traders het die proefbalans vir April 2019 opgestel. Die totaal aan die debietkant is egter nie gelyk aan die totaal aan die kredietkant nie. Gee TWEE moontlike redes vir die verskil. (2 × 2)	(4)
			[25]

VRAAG 6

Die volgende is die vooraansuiweringsproefbalans van Link Traders op 31 Julie 2019:

	FOL	DEBIET		KREDIET	
BALANSSTAATREKENINGE- AFDELING					
Kapitaal	B1			223 300	00
Onttrekkings	B2	25 756	00		
Grond en geboue	B3	131 298	00		
Toerusting	B4	119 556	00		
Handelsvoorraad	B5	129 896	00		
Bank	B6	4 798	00		
Los kontant	B7	772	00		
Debiteurekontrole	B8	19 000	00		
Krediteurekontrole	B9			20 364	00
Korttermynlening	B10			4 000	00
NOMINALEREKENINGE-AFDELING					
Verkope	N1			320 460	00
Koste van verkope	N2	86 000	00		
Debiteurekortings	N3	950	00		
Water en elektrisiteit	N4	10 468	00		
Salarisse	N5	16 680	00		
Verpakkingsmateriaal	N6	2 068	00		
Reklame	N7	4 592	00		
Versekering	N8	28 906	00		
Huurinkomste	N9			12 616	00
		580 740	00	580 740	00

GEVRA

Gebruik die inligting van Link Traders hier bo om die volgende te voltooi:

6.1 Handelsrekening (5)

6.2 Wins-en-verliesrekening (9)

6.3 Aantekeninge by die balansstaat (7)

6.4 Balansstaat (9)

[30]

VRAAG 7

7.1 Die volgende transaksies is geneem uit die boeke van Super Sport Stationers vir September 2019. IGNOREER BTW vir die transaksies hier onder.

Gebruik die transaksies hieronder en toon die invloed op die rekeningkundige vergelyking aan. Dui 'n toename met + aan, 'n afname met – en geen uitwerking met 0.

VOORBEELD:

Die eienaar het R67 000 na die bankrekening bygedra.

NOMMER	BATES	EIENAARS BELANG	LASTE	ALGEMENE GROOTBOEK	
				REKENING DEBITEER	REKENING KREDITEER
Bv.	+ 67 000	+ 67 000	0	Bank	Kapitaal

TRANSAKSIES SEPTEMBER 2019

7.1.1 'n Klant wat R160 geskuld het, is insolvent verklaar. Die skuld moet as nie-invorderbaar afgeskryf word.

7.1.2 'n Tjek van R1 400 wat in Augustus van 'n klant ontvang is, is deur die bank teruggestuur weens onvoldoende fondse.

7.1.3 Skryfbehoeftes wat op krediet vir R390 aangekoop is, is teruggestuur omdat dit beskadig was.

(3 × 4) (12)

7.2 Watter brondokument sal gebruik word vir die transaksie wat in VRAAG 7.1.1 genoem word? (1)

7.3 Watter joernaal sal gebruik word vir die transaksie wat in VRAAG 7.1.2 genoem word? (1)

7.4 'n Proefbalans word opgestel om te verseker dat die dubbelinskrywingstelsel gebruik word.

Waarvandaan word die bedrae om 'n proefbalans op te stel, verkry? (1)

[15]

TOTAAL AFDELING B: 130
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou